

Maandag

Joh.1: 11-13, 16, 17; 15: 18 – 27; 1 Joh. 3: 11 – 16 Teks 15: 25: "Hulle het My sonder rede gehaat. 20 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie." Tema: 'Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.' Christus openbaar in hierdie gesprek in watter posisie sy genade en liefde ons in hierdie wêreld gaan plaas. Omdat Hy ons sonder enige rede genadig is (genade is mos onverdiend) en liefhet, sal Christus en ons deur die goddelose wêreld sonder enige rede gehaat word. Ons leef vandag al meer en meer in 'n tyd waarin geestelikes in kerke al meer en meer redes vir ons as gelowiges gee hoekom die openbare gemeenskap ons as Christene sou haat. Die doel vir hierdie belasting, as sou óns die rede vir die haat van die goddelose openbare gemeenskap teen ons wees, is gewoonlik sodat ons, ons self moet verander en aanpas by die goddelose gemeenskap; dat ons teenoor die goddelose openbare gemeenskap skuldig staan vir wie ons is, en hulle moet vergoed; en dat ons uit die openbare gemeenskap geïsoleer moet word om selfingekeerde kultusse in ons eie geestelike wêreld te wees, wat nie deel van die openbare gemeenskap is nie. Teenoor elke rede wat ons volgens die geestelikes van vandag vir mense sou gee om ons te haat, van hoër morele waardes tot mensvreemdheid, kom gee die Here die werklike rede waarom die goddelose wêreld Hom én ons as sy kinders sal haat: sonder rede! Hulle haat God sonder rede as God nét omdat Hy is wat Hy is en daarom sal hulle ons wie deel van sy genade en liefde is, sonder enige rede van ons kant af haat, net vir wie ons is. Hulle sal ons óók sonder rede haat. Ons moet hierdie Woord van die Here hoor en glo om vry te leef van die belasting van geestelikes oor hoe ons goddeloses rede gee om ons te haat, en vry te wees van hoe hulle wil hê ons, ons self moet verander om by 'n goddelose openbare gemeenskap aan te pas om aanvaar te word. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Joh.1: 11-13, 16, 17; 15: 18 – 27; 1 Joh. 3: 11 – 16 Teks: 15: 25: "Hulle het My sonder rede gehaat. 20 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie." Tema: 'Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.' Ons ken die gewone haat van goddelose mense – die haat vir hulle wat werk en presteer. Van kleinsaf leer ons, ons kinders om te presteer en hierdie haat vir hulle omdat hulle presteer te hanteer sodat hulle nie onderpresteer om hul self teen die haat van die luies en slegtes te probeer beveilig nie. Ons sien hierdie haat by ouers en kinders by elke prefekteverkiesing of prysuitdeling by skole. Ons leer ons kinders van kleinsaf om die gewone haat in hierdie wêreld te herken en te hanteer. Dit is vir mense se haat omdat jy beter doen en beter is as hulle. Daarom moet ons ons kinders aan die een kant leer om na hulle vermoë te presteer, maar terselfdertyd om die haat (ómdat hulle presteer) te hanteer. Dit is haat omdat jy beter doen en beter presteer! Leer ons dit hulle nê dan onderpresteer kinders net sodat hulle nie deur die mense wat nê werk en presteer gehaat moet word nie. Hulle haat jou met 'n rede: omdat jy hard werk en presteer. Dit is ook die posisie waarin ons as landbougemeenskap, en eintlik die hele produksiegemeenskap in die land in is. Ons word gehaat omdat ons

hard werk en presteer. Ons leef in 'n land waar jy met rede gehaat word, en die rede is omdat jy hard werk en presteer en nie afhanklik is van onbevoegde mense nie. Wanneer Christus ons waarsku oor die posisie van haat waarin sy genade en liefde ons in die wêreld plaas, mag ons dit nie met hierdie bekende haat verwar nie - hiêrdie haat vir ons omdat ons hard werk en presteer nie. Hierdie is haat met 'n rede! Ons arbeid en prestasie is die rede vir hoekom ons gehaat word. Christus waarsku ons as sy kerk hier teen 'n ánder tipe haat wat totaal ánders werk as die haat wat ons in die wêreld ken. Dis die haat om sonder rede gehaat te word soos Hy as God sonder rede gehaat word! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Joh.1: 11-13, 16, 17; 15: 18 – 27; 1 Joh. 3: 11 – 16 Teks: 15: 25 : "Hulle het My sonder rede gehaat. 20 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie." Tema: 'Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.' Goddeloses haat Christus omdat die werk wat Hy kom doen het met sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, Hy hulle ontbloot het as mense wat God sonder rede haat. (Joh. 15: 22, 23) Met Christus se werke neem Hy die oordeel, vloek, en straf van sondaars se sonde op Hom sodat sondaars nou binne die liefde en genade van God kan leef, net deur geloof, al is hulle nog sondig en doen hulle nog sonde. Maar hulle wat nê in hom glo nie, is nou skuldig voor God, sonder enige verskoning om voor God skuldig te wees. Hulle kan na alles wat Christus gedoen het om goddelose sondaars deel van God se liefde te maak uit genade (Rom. 5: 6 – 10), nou nie meer die verskonings vir hulle goddeloosheid gebruik

- * asof God se wet te moeilik vir hulle is,
- * asof God hulle so gemaak en gelos het nie,
- * asof hulle te sleg en te skaam is om God te dien
- * en asof God vir hulle kwaad is en nie liefhet het nie.

Jesus Christus het ál hierdie verskonings hoekom hulle goddeloses sou moet bly, weg gevat met sy kruisiging en opstanding vir hulle sonde. Hulle wou aanhou sondig wees MET REDES en só hulle goddeloosheid eintlik regverdig deur van God 'n onbillike God te maak. En dit is hoekom hulle Jesus Christus sonder rede haat! Omdat Hy hulle skuldig gemaak het, sonder dat hulle redes kan gee om skuldig te bly wees. Hulle is deur Christus se genade vir sondaars ontmasker as mense wie God haat net omdat Hy is wat Hy is: die goeie Skepper van hemel en aarde. Hiervoor haat hulle Christus sonder rede. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Joh.1: 11-13, 16, 17; 15: 18 – 27; 1 Joh. 3: 11 – 16 Teks: 15: 25: "Hulle het My sonder rede gehaat. 20 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie." Tema: 'Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.' 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie! Hierdie goddelose wêreld en land waarin ons leef, sal ons as gelowiges haat soos hulle ons Here haat – sonder rede! Ons moes die

verskoning gewees het hoekom hulle kon bly sondig.

Hierdie verskoning van hulle klink só:

* Hulle kan nie so vroom soos ons wees nie omdat hulle harte vol verkeerde gesindhede is wat hulle nie wil maak asof dit nie daar is nie;

* hulle kan nie so geestelik soos ons wees nie omdat hulle net menslik is en nog baie foute maak;

* hulle kan nie so godsdienstig soos ons wees nie want hulle kan maar net wees soos hulle is;

* hulle kan nie so bekeerd soos ons wees nie, want hulle doen verkeerde dinge oor en oor.

Met hierdie verskonings wil goddeloses ons as gelowiges op die ou bekende manier haat: omdat ons as gelowiges kamstig vir God geestelik hard werk en teenoor God moreel presteer! En toe kom Christus en maak ons God se kinders SONDER ENIGE REDE - nie omdat dit ons geaardheid of ons geestelike begeerte of ons goeie besluite is nie. (Joh. 1:12, 13). Nou kan goddeloses ons nie meer met die ou bekende redes (dat ons te goed is en hulle nie so godsdienstig goed soos ons kan wees nie) haat nie. Daarom haat hulle ons net soos hulle Christus, sonder rede haat. Die ou redes (ons sogenaamde goedheid, geestelikheid en keuses) is hulle ontnem. Ons mag nooit vermoed of dink dat ons solidêr met goddelose mense is nie - al is ons self nog sondig nie. Wie ons deur Christus se genade en liefde is, maak dat goddeloses ons sonder rede haat, soos hulle God en Christus sonder rede haat. Óns is nie die oorsaak van hulle haat teen ons nie. God in Christus is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Joh.1: 11-13, 16, 17; 15: 18 – 27; 1 Joh. 3: 11 – 16 Teks: 15: 25: "Hulle het My sonder rede gehaat. 20 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie." Tema: 'Die wêreld sal ons haat soos hulle Christus haat – sonder rede.' Die haat van goddeloses in Suid Afrika teen gelowiges se fokus en effek is dat ons nog net 'n subkultuur mag wees wat een kant buite die openbare lewe met ons eie lewe besig is. Ons mag nie meer ons waardes en gehoorsaamheid aan God deel van die openbare lewe maak nie. Dit sien ons in die felle kritiek van mense wat hul as Christelik voorhou op die hoofregter van ons land wat vrymoedig as gelowige 'n gebed vir die president wat ook 'n Christen is, doen tydens sy bevestiging en ons sien dit ook in die staat se wetlike afdwing van goddelose verhoudings in kerke met troues. Die Christendom word geprivatiseer. God mag nog net God iewers in grotte en gate wees. Vandag se geestelikes wil hê ons moet solidêr wees met hierdie goddeloosheid. Ons as kerk van die Here moet die geestelikheid van en vir die nasie wees, sonder dat ons God en ons waardes deel van die openbare gemeenskap mag wees. Hulle maak asof daar geldige redes is hoekom die goddelose openbare gemeenskap ons haat en dat ons moet aanpas, en onself en ons God moet regkry om ons nuwe geestelike rol te kan speel. Dit is die vryheid wat jy in die woorde van die Here moet vind: hulle haat Christus juis omdat Hy alle verskonings hoekom hulle goddeloos is, weg gevat het. En só sal hulle ons ook vir ons liefde en diens haat,

sonder rede. Ons mag nie onself uitverkoop aan die goddeloses in hierdie land deur te glo dat wanneer óns aanpas by hulle goddeloosheid, hulle ons sal liefhê nie. Hulle haat God omdat Hy God is en só sal hulle ons ook haat. Ongestoord deur hul redelose haat, sal ons in God se genade en liefde leef en Hom openlik gehoorsaam en dien in die gemeenskap. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za